**SKRIFGEDEELTES GEBRUIK:**

**Génesis** 6:5  Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, 6  het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart. 7  En die HERE sê: Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdelg, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het. 8  Maar Noag het genade gevind in die oë van die HERE.

**Psalm** 95:8  Verhard julle hart nie soos by Mériba, soos op die dag van Massa in die woestyn nie; 9  waar julle vaders My versoek het, My beproef het, alhoewel hulle my werk gesien het. 10  Veertig jaar het Ek 'n afkeer gehad van hierdie geslag en gesê: Hulle is 'n volk met 'n dwalende hart, en hulle ken my weë nie; 11  sodat Ek in my toorn gesweer het: Waarlik, hulle sal in my rus nie ingaan nie!

**2 Timótheüs** 3:1  Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. 2  Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, 3  sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, 4  verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; 5  mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.

**Génesis** 1:1  In die begin het God die hemel en die aarde geskape.

**Génesis** 11:3  Daarop sê hulle vir mekaar: Kom laat ons stene vorm en dit goed brand. Hulle gebruik toe die bakstene vir bousteen en die lymgrond vir klei. 4  En hulle sê: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie. 5  Toe daal die HERE neer om die stad en die toring te besien waaraan die mensekinders gebou het. 6  En die HERE sê: Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie.

**Sefánja** 3:10  Oorkant die riviere van Kus vandaan sal my aanbidders, my verstrooide gemeente, my offerande bring. 11  Op dié dag hoef jy jou nie te skaam weens al jou dade waarmee jy teen My oortree het nie; want dan sal Ek uit jou midde wegruim die wat in jou oormoedig jubel, en jy sal jou nooit hoogmoedig gedra op my heilige berg nie. 12  En Ek sal tussen jou in laat oorbly 'n ellendige en geringe volk wat by die Naam van die HERE skuiling soek.